higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGPROSES
NKR VLAK 4

(8021014)

15 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 9 bladsye.

306Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord enige EEN van die twee vrae in AFDELING D.
3. Lees al die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Beantwoord al die vrae in AFDELING A.

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Die oorsprong van die Suid-Afrikaanse strafregsplegingstelsel sluit die bydrae van die ... komponent tot die strafregsplegingstelsel in.

A inheemse
B geniale
C oostelike
D geregtelike

1.2 Die internasionale konvensie vir die beskerming van individue is die …

A Verenigde Nasies se Wetsontwerp op die Universele Verklaring van Menseregte, 1968
B Oostelike Menseregtekonvensie, 1995
C Amerikaanse Konvensie oor Menseregte, 1969
D Afrikahandves oor Menseregte, 1965

1.3 Kies die korrekte antwoord. Die volgende handelinge vind tydens die voorverhoorfase plaas:

A Vrylating, herintegrasie en ’n misdaad word by die SAPD aangemeld.
B ’n Misdaad word by die SAPD aangemeld en die oortreder word in hegtenis geneem.
C ’n Saakdossier word oopgemaak, ’n aanklag, pleit of inleiding deur ’n staatsaanklaer.
D Pleitonderhandeling en die staat se saak, die verdediging se saak en argumente.

1.4 Kies die korrekte stelling:

A Indien ’n verdagte deur ’n polisiebeampte in hegtenis geneem word, moet die beampte die verdagte ingevolge Judy se Reëls waarsku.
B Die arresteerder moet die slagoffer en die misdadiger inlig dat alles wat hy/sy sê as getuienis in ’n geregshof gebruik sal word.
C Indien die verdagte ’n konfrontasie wil ontlok, moet hy/sy na ’n regter of landdros geneem word.
D Voordat ’n bekentenis in die hof toegelaat sal word, moet daar voldoende bewys wees dat die bekentenis vryelik afgelê is en dat geen geweld gebruik is of beloftes aan die verdagte gemaak is nie.

Kopiereg voorbehou

1.5 Die hofverrigtinge word opgeteken in die amptelike taal wat op daardie tydstip gebruik word en dit bevat …

A getuienis
B doelwitte
C argumente
D uitspraak en vonnis.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die misdaad wat gepleeg word, kan 'n oortreding van die strafprosesreg wees, soos aanranding, of 'n statutêre oortreding, waar 'n spesifieke wet uitgevaardig is om 'n oortreding te skep.

2.2 'n Klagstaat in die laer howe formuleer die misdaad/misdade waarvan die beskuldigde aangekla word en sluit onder meer die volgende in:

- Die tersaaklike handeling of versuim (beweerde misdaad)
- Wanneer en waar dit gepleeg is
- Teen wie die misdaad gepleeg is

2.3 Indien die slagoffer nie aan die einde van die strafsaak vir die vervolging om 'n ontslag aansoek doen nie, moet die regterlike beampte die beskuldigde of regsverteenwoordiger (die verdediging) vra of hy/sy voornemens is om getuienis in sy/haar verdediging aan te voer.

2.4 Gevangenisse is gemoeid met 'n strafmotief – geregtigheid moet geskied.

2.5 Elemente van herstellende geregtigheid kan ook in inheemse Afrika-regstelsels aangetref word.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	’n Afleiding dat ’n stel feite bestaan	A	misdaadsyfers
3.2	’n Strafregsplegingstelsel wat op rehabilitasie van oortreders fokus	B	gevangenes
3.3	Onbillike behandeling van of diskriminasie teen misdaadslagoffers	C	gemeenskaps-gebaseerde vonnis
3.4	Empatiese, persoongesentreerde bystand deur ’n organisasie of individu gelewer nadat iemand geviktimiseer is	D	langtermynbenadering
3.5	Die vergelyking van die aantal misdade wat oor ’n tydperk in ’n spesifieke gebied aangemeld word	E	korrektiewe instelling/gevangenis
3.6	By aanvanklike bestudering of oorweging van ’n dossier	F	viktimisering
3.7	Moet sekere minimum gedeelte van vonnisse uitdien voordat iemand oorweeg kan word vir plasing op parool, dagparool of korrektiewe toesighouding	G	vermoede
3.8	’n Hofbevel wat die oortreder beveel om die een of ander vorm van diens tot voordeel van die gemeenskap te lewer	H	prima facie
3.9	’n Plek om misdadigers weg van die algemene publiek in te perk	I	toesigproses
3.10	Toegang tot regsadvies, gesondheidsorg, oefening, higiëne, kleredrag en beddegoed	J	slagofferondersteuning
		K	restitusie
		L	herstellende geregtigheid

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Kies ’n opsie uit die volgende lys om die sinne hier onder te voltooi deur slegs die ontbrekende woord(e) langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

gevangenes; bereiking van geregtigheid; aktivisme; positivisme; straf; effektiewe oplossing; die skade wat gely is, te herstel; residivisme; veroorsaak skade; verspreiding; vrywillig; verpligtend; onwillekeurig; modernisme; ’n spesifieke uitkoms; arrogansie; afskrikking; geen spesifieke uitkoms; vergelding; slagoffer-oortreder-versoeningsprogram

Slagoffer-oortreder-mediasie (SOM) staan ook bekend as die (4.1) ... In hoofsaak behels SOM’s ’n ontmoeting tussen die slagoffer en oortreder, wat gefasiliteer word deur ’n opgeleide bemiddelaar. Met behulp van die bemiddelaar begin die slagoffer en oortreder om die konflik op te los en hul eie benadering tot die (4.2) ... in die lig van die bepaalde misdaad te konstrueer. Albei kry die geleentheid om hul gevoelens en persepsies van die oortreding te verwoord. Die ontmoetings sluit af met ’n poging om ooreen te kom oor stappe wat die oortreder sal doen om (4.3) ... en oor ander maniere om met die slagoffer versoen te raak. Deelname deur die slagoffer is (4.4) ... Anders as in die geval van bindende arbitrasie, word (4.5) ... nie deur die bemiddelaar voorgeskryf nie.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

Beantwoord al die vrae in AFDELING B.

VRAAG 5

5.1 Onderskei tussen die volgende:

5.1.1 Akkusatoriese verhoor

5.1.2 Inkwisitoriese verhoor (2 × 1) (2)

5.2 Misdade kan op baie maniere aangemeld word, byvoorbeeld per telefoon of as die klaer die polisiekantoor persoonlik besoek.

Noem en bespreek DRIE algemene stappe wat die polisiebeampte behoort te volg. (3)

5.3 Dit is belangrik om ’n klagte deeglik te ondersoek om te verseker dat die oortreder korrek geïdentifiseer word. As dit nie gebeur nie, kan ’n onskuldige persoon geïmpliseer of verkeerdelik opgesluit word. Die fisieke kenmerke van ’n persoon moet derhalwe tydens die ondersoekproses bepaal word.

Verduidelik ingevolge die Strafproseswet (SPW) SES stappe wat ’n polisiebeampte kan doen om die fisieke kenmerke van ’n persoon tydens die ondersoek te bepaal. (6 × 1) (6)

5.4 Verduidelik die doelwitte van veilige aanhouding. (4 × 1) (4)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Opname by ’n gevangenis is die resultaat van ’n statutêre sanksie, in die besonder die Wet op Korrektiewe Dienste, Wet 111 van 1998 (WKD). Aangehoudenes, hetsy skuldig bevind of nie, word deur middel van ’n proses van identifisering en klassifisering by ’n gevangenis opgeneem.

Bespreek toelating by voorlegging van ’n lasbrief wanneer ’n veroordeelde persoon by ’n gevangenis opgeneem word. (5 × 1) (5)

6.2 Verduidelik in jou eie woorde wat met *sekondêre viktimisering* bedoel word. (4)

6.3 Herintegrasieprogramme bemagtig gevangenes, en stel hulle in staat om besluite te neem en uit te voer. Gevangenes beskryf hulself dikwels as magteloos, sonder hoop, en onder die beheer van andere.

Noem en bespreek enige DRIE kenmerke van doeltreffende herintegrasieprogramme om te verseker dat die gevangenes bemagtig word en dat die verantwoordelikheid vir hul toekoms in hul eie hande geplaas word.
(Enige 6 × 1) (6)
[15]

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C

Beantwoord al die vrae in AFDELING C.

VRAAG 7

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

MAN IN HOF WAT NA BEWERING MISDAADINLIGTINGSBEAMPTES VAN R134 000 BEROOF

’n 39-jarige man wat na bewering misdaadinligtingsbeamptes met vuurwapens gedreig en van R134 000 beroof het, het Maandag in die Bloemfonteinse Landdroshof verskyn.
Obakeng Tsatsinyane word aangekla van gewapende roof en bedrog. Hy is die vierde persoon wat in verband met die voorval in hegtenis geneem word. Die saak is uitgestel tot 26 November, wanneer Tsatsinyane by sy medebeskuldigde in die hof sal aansluit, het die woordvoerder van die Valke, kaptein Christopher Singo, gesê.

Tsatsinyane is Saterdag in hegtenis geneem deur die ondersoekspan van die Valke se eenheid vir ernstige georganiseerde misdaad tesame met die span vir misdaadintelligensie en taktiese respons. Hy is in hegtenis geneem terwyl hy sy paroolverpligtinge by Selosesha- polisiekantoor nagekom het weens ’n saak van poging tot moord waarvoor hy tot 10 jaar gevangenisstraf gevonnis is, het Singo gesê.

Nadat twee polisiebeamptes die geld 16 km ver op die Bultfonteinpad gaan haal het, het hulle na bewering die verdagtes afgetrek wat met ’n sedan sonder nommerplate en met blou ligte gery het. Toe die twee beamptes die voertuig stop, het Tsatsinyane, saam met sy medebeskuldigdes, Simon van Wyk, Teboho Jonas en Relebohile Patience Ntliziywane, vuurwapens op hulle gerig en die geld geëis. ‘Die mans het na bewering die kattebak van die staatsvoertuig oopgemaak en die swart sak met SSA-geld ter waarde van R134 000 geneem.’

[Bron: *www.news24.com*]

Kopiereg voorbehou

7.1 Nadat die verdagte die beweerde misdaad gepleeg het, moes die misdaad ondersoek word. 'n Polisiebeampte het die saakdossier oopgemaak.

Bespreek die verwerking van die saakdossier in die Misdaadadministrasiestelsel (MAS). (5 × 1) (5)

7.2 In die artikel is die verdagte in hegtenis geneem en die aanklaer het besluit om vervolging in te stel. Sommige sake word aan die aanklaer voorgelê, en hy/sy kan op sekere gronde besluit om nie 'n verdagte te vervolg nie.

Bespreek die DRIE faktore wat die aanklaer moet oorweeg wanneer hy/sy besluit of dit in openbare belang sal wees om 'n verdagte te vervolg of nie. (5 × 1) (5)

7.3 Gemeenskapskorreksies word deur bepaalde beginsels gerig.

Beskryf die beginsel van 'dagparool'. (5 × 1) (5)

7.4 Herstellende geregtigheid is 'n waardegebaseerde benadering wat reageer op wandade en konflik, met 'n gebalanseerde fokus op die slagoffer(s), die oortreder en die geaffekteerde gemeenskap.

Verduidelik die belangrikste beginsels van herstellende geregtigheid. (5 × 1) (5)

7.5 Die paroolproses en vrylating van paroolgangers is belangrik om sowel die inwoners van die land as die Suid-Afrikaanse Grondwet te respekteer.

Noem die VYF verskillende maniere waarop gevangenes uit die gevangenis vrygelaat word. (5 × 1) (5)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in AFDELING D.

VRAAG 8

Ontleed die onderstaande inligting en beantwoord die vraag.

Indien die hof 'n beskuldigde onskuldig bevind, word die persoon weggestuur en die verrigtinge eindig. Wanneer 'n beskuldigde egter skuldig bevind word, moet die hof op 'n geskikte vonnis besluit. Vonnisoplegging is die spesifieke proses in die verhoorfase wanneer 'n straf aangekondig word.

Vergelyk en bespreek die kernkonsepte *vonnisoplegging* en *straf* en sluit die volgende by jou bespreking in:

- Beginsels as die basiese elemente van vonnisoplegging, om 'n vonnis te vel en vonnis uit te spreek
- Doelstellings van straf

(20 × 1) **[20]**

OF

VRAAG 9

Ontleed die onderstaande inligting en beantwoord die vraag.

Regstelsels oor die wêreld heen kom met verloop van tyd in gemeenskappe tot stand. Die oordrag van regstelsels van een gebied na 'n volgende gebeur op verskillende maniere. Suid-Afrika se regserfenis is van ander lande afkomstig. Dit is as gevolg van die kolonisering van Suid-Afrika en die regsreëls en -strukture wat koloniale magte met hulle saamgebring het.

Onderskei tussen en bespreek die tersaaklike konsepte uit verskillende regstelsels wat deel van die Suid-Afrikaanse reg geword het. (20 × 1) **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou